

Tema: **Dis 'n krag van God! Hoe kan ons dan terugstaan?**

Voorlesing: Romeine 1:1-17

Teks: Romeine 1:16,17

“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.”

As daar een ding is wat alle mense nodig het dan is dit die *skaamtelose verkondiging van die evangelie van Christus*. Dit is die enigste hoop op redding vir hierdie siek wêreld waarin ons leef.

Is ons self oortuig van God se krag?

Die profete en apostels van wie ons in die Bybel lees, was almal oortuig van die egtheid en die krag van die woord/evangelie van God. Hulle het onbeskaamd aan vriend en vyand verkondig dat Hy die enigste ware God is wat ons kan help en red.

Ons moet onself afvra: *Kan ons self getuig dat die evangelie van Christus n krag van God is tot redding vir elkeen wat glo – eerstens vir onself, maar ook vir ander?*

Dit gaan nie hier oor die vraag of ek die evangelie verstaan nie, maar of ek dit beleef het en nog steeds beleef as God se eenvoudige, kragvolle manier om my te red. Te veel “Christene” lewe ná hulle “bekering” maar presies net soos hulle voorheen geleef het.

Wanneer gelowiges wel hiervan oortuig is sien jy dat hulle lewens ten goede verander, omdat dit die werk van God en nie van mense is nie. As ons net preek oor wat *mense (moet) doen* in plaas van op wat *God wel doen*, dan water ons die evangelie so af dat mense naderhand nie meer in *God glo* nie, maar in afgode.

Wat beteken dit om jou “nie te skaam nie”?

Dis maar net 'n manier om te sê: Ons hou dit nie vir onself nie. Of nog beter: Ons is só seker daarvan dat ons dit graag vir almal vertel. Paulus is so

seker dat hy eintlik daarna uitsien om in Rome te kom en met hulle hulp die evangelie verder te versprei.

As ons gedurig terugstaan of stilbly, omdat ons bang is ons gee aanstoot aan mense wat anders voel en dink en glo, dan versaak ons die roeping en opdrag van die Here en verdien ons om deur Hom verwerp te word.

Die Here het ons eerstens uitgestuur om gewoon oor Hom te getuig, d.w.s. om Hom te verkondig as *Jesus Christus, die gekruisigde!* Wanneer die Heilige Gees mense oortuig van hulle sonde en die oordeel wat oor hulle hang, dan moet hulle weet na Wie toe om te vlug – die Gekruisigde!

Mooi praatjies oor hoe ons mekaar en alle mense moet liefhê en help, en hoe ons meer betrokke kan raak by die daaglikse nood van die wêreld, sal niemand oortuig om 'n Christen te word nie. Die oortuiging van sonde en die aanbod van God se vryspraak sal wel.

Wat moet ons dan doen?

- Glo self die evangelie van sonde en verlossing van sonde.
- Vertrou op die krag van die Heilige Gees om jou nuut te maak.
- Begin om dit wat God met jou doen met ander te deel.
- Sien hoe sy werk voortgaan en prys Hom daarvoor.

Toerusting

Wat is afgodery? (v/a 95 van Kategismus)

“Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel.”

“Dit moet julle goed beseef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is -want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.” (Ef. 5:5)

“Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het. Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en vreugde vul die plek waar Hy is.” (1 Kron. 16:26)

“Ek het dit dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit herhaal: Daar is baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe. Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind.” (Fel 3:18,19)

“Daar was ’n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slawe was van niks werd afgode. Maar nou dat julle Hom leer ken het, of liever, nou dat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees?” (Gal 4:8,9)

“Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.” (Joh. 5:23)

“Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie. Hy is die Antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie.” (1 Joh. 2:22)